

Inhoud Derde Reformasie preek. Hierdie preek wys dat Christus se offerdood vir ons sonde ons deel maak van God die Vader se liefde. Die tempel wat die Here bou is die liefde van God die Vader waarin ons tuis is. Vir hierdie liefde gee en doen ons niks nie. Dit skep in ons 'n wederliefde wat ook niks kry of verdien by God wat Hy nie uit liefde aan ons gee nie. Daarom is die liefde van God vir sy kinders en hulle liefde vir Hom handelsvry. Die moderne Christelikheid maak van God en sy liefde 'n besigheid. Dit doen hulle deur voor te gee dat die liefde tussen God die Vader en sy kinders werk deur ruilhandel. Op hierdie wyse word hulle God se markagente wat as middelmannes hul eie binnehandel bedryf met alles wat God uit vrye guns en liefde aan sy kinders gee. Christus het deur sy lyding en opstanding al hierdie geestelike bedrywe vernietig sodat sy kinders God handelsvry kan liefhê en aanbid.

Skriflesing Johannes 2: 13 – 25; Efe. 2: 5 – 10.

Teks Johannes 2: 19 “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek dit oprig.”

Tema: Christus verlos ons uit die godsbedryf deur handelsvrye aanbidding te skep

1. Hierdie godsdiens is net 'n geldmaakstorie!

Die kinders! Wie het dit gesê? Wie het hierdie sin die eerste keer gesê: “Hierdie godsdiens is net 'n geldmaakstorie”?

Glo dit nou as jy wil, dit nie jou pa of ma, jou oom of tannie of jou oupa of ouma nie. Dit is die Here Jesus self wat hierdie sin die eerste keer gesê het. Kyk hoe sê die Here dit vir die Jode! “Julle het van die huis van my Vader 'n besigheidsplek gemaak.” Joh. 2: 16

Dit is wat die Here wys wat die Joodse geestelikheid van die tempel in Jerusalem gemaak het: 'n besigheid! Die Here spreek hulle aan en wys hulle maak van die teenwoordigheid van God die Vader by sy kinders net 'n geldmaakstorie, net 'n besigheid.

2. Twee verskillende tempels!

Die een wat die Jode in Jerusalem gebou het met, in taal van vandag, die geld van hul president, Herodes die Grote. Dit is die ironie, selfs die bou van hierdie tempel was deur die politieke korrupsie van die president van hulle land. Dit is die een soort tempel.

Die ander soort tempel is die een wat die Here oprig.

Christus verlos ons uit die godsbedryf deur handelsvrye aanbidding te skep

Die Here Jesus het nie gekom om hierdie Joodse tempel en die tempeldiens in hierdie tempel te kom hervorm, reg te maak, van korrupsie vry te maak of die geldmakery in die tempelbedryf te kom stopsit sodat die tempel beter kan werk nie. Dit is nie wat die Here doen as Hy die diere uit die tempelterrein wegjaag en die geldtafels omgooi nie. Met hierdie simboliese optrede van die Here probeer Hy nie die tempelbedryf in Jerusalem weer reg kry nie.

Jesus het die Joodse tempel en tempelbedryf in Jerusalem kom afbreek. Dit is wat Hy wys wanneer Hy die offers van die tempel wegjaag en die geldtafels vir die koop van offers met net Joodse geld, nie heidense geld nie, omvergooi. Hy gaan hierdie tempel afbreek omdat dit glad nie meer nodig is nie, nog meer, omdat alles wat in hierdie tempel gebeur, onhervormbaar verkeerd is.

Jesus wys dat Hy 'n ander tempel as die een in Jerusalem gaan oprig.

3. Net weer nog 'n tempel! Net weer nog 'n nuwe godsdiens wat weer net nog 'n geldmaakstorie is!

Dit is mos hoe die vandag oor die hele wêreld met Christelike tipe kerk werk. Almal is kwaad vir die gemeente waaraan hulle behoort omdat dit net 'n geldmaakstorie is. Dan besluit hulle hulle gaan hul eie kerk begin omdat hulle wil wegkom van hierdie geldmaakstorie, al is daar in 'n dorp soos Louis Trichard maklik somer al reeds 25 soorte Christelike kerke net vir Afrikaans sprekendes.

Die ironie is dan dat om weg te kom van hierdie kerk wat net 'n geldmaakstorie is, moet mense dan geld gee vir 'n nuwe kerkgebou, nuwe personeel en nuwe welsynswerk twee of drie keer meer as die kerk wat hulle van wil wegkom! Op die ou einde is hierdie nuwe kerk weer 'n makrokerk met sy eie TV stasie, sy eie wêreldsending en eie pastooropleidingsentrum wat nog 'n groter geldmaakstorie is as die geldmaakstorie waarvan hulle weggeloop het.

Dit is hoe baie van die mense wat na 1994 pakkette gevat het en hoe baie Vendas wat vandag op pensioen gaan, vir hulle 'n nuwe besigheid begin: hulle begin elkeen 'n eie nuwe geestelike bediening of kerk. So word die geldmaakstories net al meer en meer, terwyl elkeen probeer bewys hy het weggeloop oor die kerk net 'n geldmaakstorie is.

4. Is dit wat die Here Jesus ook gedoen het? Hy was kwaad vir die Jode se geldmaakstorie in die tempel en toe begin Hy sy eie geldmaakstorie met godsdiens?

Die kinders! Dink julle die Here het sy eie tempel gebou omdat Hy geglo het die Jode se tempel is net 'n geldmaakstorie? Waar het Hy daardie tempel gebou? Daar was nie so klipgebou wat Hy gebou het nie. Die Here was nie net nog 'n predikant of

Christus verlos ons uit die godsbedryf deur handelsvrye aanbidding te skep

pastoor wat net weer sy eie groepie mense bymekaar gekry het, met sy eie gebou, eie personeel, eie TV stasie en eie welsynsbedryf nie.

Wanneer die Here sê Hy gaan die tempel oprig dan bedoel Hy dat dit wat Hy op die koppie buite Jerusalem, op Golgota, gaan doen, om te ly, gekruisig te word en te sterf om op die derde dag weer uit die dood uit op te staan, gaan maak dat God die Vader aanbid kan word sonder dat hierdie aanbidding van God die Vader ooit weer 'n geldmaakstorie gemaak kan word.

5. Dit is wat so anders is van hierdie soort tempel wat die Here nie met stene en sement oprig nie, maar met sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding uit die dood.

Hy bou nie 'n tempel soos die in Jerusalem nie. Hy bou vir sondaars die huis van God die Vader. Dit is nie 'n klipgebou nie. Dit beteken dat deur die werk wat die Here doen, maak Hy sondaars tuis binne die liefde en goedheid van God die Vader. Deur Christus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding vir ons sondes, het Hy God die Vader se liefde vir ons 'n tuiste gemaak. Joh. 2:19 Dit is die tempel wat Christus oprig: "Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy bly in God." 1 Joh. 4:15. Christus se tempel is God die Vader se liefde waarin Hy ons insluit en laat deel en waar ons God vreesloos kan liefhê: "Ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. 1 Joh. 4: 16,19. Hierdie liefde, waarin ons ingesluit is en bly, gebeur nie binne 'n gebou nie. Christus maak sy skepping ons tempel. Orals en altyd binne sy hele skepping leef en bly ons binne die liefde van God die Vader.

Christus se tempel het 'n einde gemaak aan alle tempels soos die van die Jode in Jerusalem. Hy het dit wat in daardie tempel gebeur, vernietig. Dit is hoekom sy dood die voorhangsel van die Joodse tempel skeur – dit beëindig die hele Joodse tipe tempelbedryf. Die kern van die Joodse tempel was die offer- en versoeningsbedryf deur priesters. Priesters ontvang offers wat mense vir God bring vir hulle sondes en offer dit dan aan God om versoening tussen God en mense te bewerk sodat mense weer toegang tot God sou hê. Aan hierdie offer- en versoeningsbedryf in alle kerke het die Here 'n einde gemaak. Sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding het enige en alle menslike offer- en versoeningsbedrywe vernietig. So skep Christus handelsvrye aanbidding. Joh. 2:19.

6. Wat gebeur in mense se tempels wat net 'n geldmaakstorie is?

Die kernbedryf van hierdie groot geldmaakstorie is die offerbedryf van priesters, pastore, rabbi's en predikante. Hierdie offerbedryf van die priesters het van die bou van die eerste tempel deur Salomo, en eintlik nog lank voor die tempel binne in die tenttabernakel, die hart van die geldmaakstorie met God gevorm.

Hoe hulle hierdie geldmaakstorie bedryf het, word vir ons in Psalm 50 openbaar:

“⁷“Luister, my volk, Ek wil my saak stel, Ek wil teen jou getuig, Israel. Ek is God, Ek

Christus verlos ons uit die godsbedryf deur handelsvrye aanbidding te skep

is jou God! ⁸Dit is nie omdat jy nie offer dat Ek rekenskap van jou eis nie; jou brandoffers is immers gedurig voor My. ⁹Ek wil geen jong bul uit jou stal hê of bokke uit jou krale nie, ¹⁰want al die diere in die bos is Myne, die wild op duisende berge. ¹¹Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne. ¹²Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My. ¹³Eet Ek miskien die vleis van die bulle wat julle offer, of drink Ek die bloed van bokke? ¹⁴Lof is die offer wat jy aan God moet bring. Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste. ¹⁵Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer.”

Ruilhandel! Dit is die besigheid van die geestelikes binne die tempel. Wat word geruil? Alles wat God nodig het word geruil vir alles wat mense nodig het. En daar het jy dit! Besigheid! Sodra jy vraag en aanbod het, het jy besigheid. Want dit is mos eintlik wat besigheid in sy mees basiese vorm is: ruilhandel binne vraag en aanbod.

Wat die Here in hierdie Psalm aanspreek is die kernbesigheid van alle menslike tempels. Tussen God en mens vind daar hierdie ruilhandel plaas: mense gee vir God wat Hy nodig het sodat God vir mense weer gee wat hulle van Hom nodig het. Dit is waarom die Here die priesters en mense wat vir Hom offers bring aanspreek. Hulle het die geloof en houding dat God bokke, en beeste nodig het. Dit het hulle en is hulle bereid om vir Hom te gee. Hulle het weer reën, vrugbaarheid van hulle diere, weiding, kinders, veiligheid, geluk, mooi vrouens en sterk mans in hulle lewe nodig en God moet dit vir hulle gee wanneer hulle vir Hom die bokke en beeste gee wat Hy nodig het.

En dit is hoe ruilhandel tussen God en mense werk. Hierdie ruilhandel met God is die kernbedryf van geestelikheid wat net 'n geldmaakstorie is.

7. Hierdie geldmaakstorie met God, wie en wat Hy is, werk dan net soos enige ander besigheid, met middelmanne en binnehandel.

Die boere in Levubu ken hierdie middelmanne baie goed. Jy werk die hele jaar baie hard om 'n goeie oes te verseker. Jy berei die boorde voor, gooi kunsmis, water en gif. Maak voorbrande en boor gate vir water. Jy pluk die oes, pak dit en jy moet dit tot by die markagente aanry. Dan vat hulle jou oes en dan begin hulle geld maak uit jou oes. Dan kom daar kopers wat jou oes weer aan ander kopers verkoop en so gaan dit aan en op die ou einde maak almal geld, behalwe die boer wat die oes voorsien het.

Die mens wat die oes vat en geld maak daarmee is die middelman.

Daar is ook iets soos binnehandel. Dit ken die boere ook baie goed. In die helder daglig is die plaas en die hele boerderybedryf die boer sin. In die aande kom sy arbeiders en hulle pluk sy oes en gaan verkoop dit in hulle vrugtestalletjies langs die

Christus verlos ons uit die godsbedryf deur handelsvrye aanbidding te skep

pad. Hulle vat jou produk en gaan maak geld in hulle winkels met jou produk wat hulle steel.

Een van ons oud lidmate in Pietersburg maak en sit dakkappe op. Eendag kom hy agter maar al minder mense doen besigheid met hom en hy maak al minder wins. Op die ou einde vind hy uit dat die vrou wat in sy kantoorwerk het haar eie dakkapbesigheid begin het en sy dakkappe met sy arbeid opgesit het onder haar eie besigheid se naam. Binne handel wat niks anders as diefstal is nie. Haar hele besigheid is een groot bedrog en diefstalsindikaat.

8. Dit is hoe predikante, pastore, priesters en rabbi's almal besig is met God as hul groot geldmaakstorie.

Hulle hou hulle self voor as God se groot markagente. Hulle is die mense wat vir ander sê dat God het diep behoeftes waaraan mense God aan kan voorsien. Hy het hierdie diep hunkering aan liefde, hierdie wens om groter mag te kry, Hy wens om al meer en meer mense te kan kry wat Hom wil aanbid.

Dan vertel hulle vir mense hoeveel geluk, vrede, liefde, voorspoed, welvaart, reën, oulike kinders, probleemlose tieners, goeie ouers, vreedsame naasbestaan en 'n voorspoedige nasie kan God vir hulle gee,

as

hulle net hulle harte, lewe, kinders, land, toekoms, liefde, gehoorsaamheid, beheer van hulle lewe, troon van hulle hart aan God sal oorgee.

Ruilhandel! Binnehandel!

Geestelikes wat jou God se droom, God se toekoms, God se lewe, God se krag, God se liefde in jou lewe kan gee, wanneer jy vir hulle jou hart, lewe, lewensbeheer en toekoms gee om vir God te gee.

God se vraag en jou aanbod en jou vraag en God se aanbod bring hulle met hulle geestelike byeenkomste bymekaar en laat dan die ruilhandel tussen God en mens gebeur! Groot besigheid! Groot geld! God, wie en wat Hy is, word aan mense aangebied en uitgeruil vir wat hulle kan gee.

Dit is wat God in Psalm 50 as die ruilhandel en binnehandel van sy goedheid as God uitwys – Hy het geen behoefte wat die mens moet vervul met enige gawe nie. Die mens kan aan God geen liefde, eer, dank, ook nie mag en 'n koninkryk gee nie. Wat God wil hê, skep Hy.

Christus verlos ons uit die godsbedryf deur handelsvrye aanbidding te skep

8. Wat maak die Here Jesus Christus met hierdie tempels en hierdie godsbedryf binne in hierdie tempels?

Hy het dit in drie dae vir altyd vernietig. In drie dae het Hy al hierdie godsbedrywe met hulle ruilhandel vernietig deur 'n handelsvrye godsdienst vir sy kinders te skep.

Kyk gerus weer hoe Paulus hierdie handelsvrye liefde en aanbidding aankondig in Efesiërs 2: “⁵ Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! ⁶ Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee ⁷ sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. ⁸ Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julle self nie; dit is 'n gawe van God. ⁹ Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.”

Die liefde van God die Vader waarin Christus ons insluit en laat deel as sy tempel, vernietig die hele ruilhandelbedryf van geestelikes tussen God en die mens. Want in die liefde, goedheid, barmhartigheid en genade van God die Vader laat die Here ons deel sonder enige ruilhandel. Dit is en bly van die begin en einde net 'n gawe van God die Vader deur die verdienste van Jesus Christus.

- Die Here het vir ons gely en laat ons in die heerlikheid leef van kinders van God die Vader, deur sy genade sonder enige goeie werk wat ons vir God doen of enige iets wat ons vir God in ruil daarvoor gee. Vir hierdie heerlikheid deur sy genade word niks gegee of geruil nie. (Rom. 8: 29 – 35)
- Die Here is vir ons gekruisig om die vloek van al ons sonde weg te neem en ons in die volle seën van die Vader te laat deel, sonder dat ons enige iets goeds gedoen het of hoef te doen vir God. Ons deel in hierdie seëninge van sy Vaderskap sonder enige goeie daad wat Hy van ons vra. (Gal.3: 13 – 14)
- Die Here het vir ons gesterf om die volle straf van ons sonde op Hom te neem en ons in die volle verdienste van sy werk te laat deel, sodat ons in die volle guns van God die Vader leef. Vir hierdie guns betaal ons nie en doen ons niks om dit te verdien nie. (Heb. 7: 26 – 28)
- Die Here is vir ons verwerp deur die haat van God op ons sonde op Hom te neem sodat ons deel in die volle liefde van God die Vader. Ons gee geen liefde, eer, lof of dank om hierdie liefde te kry nie. (Mat. 27: 46; Gal.4: 6,7)

Waar God se liefde, genade, goedheid en guns 'n onverdiende gawe is wat ontvang en gedeel word sonder enige iets in ruil daarvoor, word God handelsvry aanbid. Aanbid sonder enige ruilhandel vir aanbidding. Aanbid net omdat Hy God is.

Christus verlos ons uit die godsbedryf deur handelsvrye aanbidding te skep

9. In sy 95 stellings op 31 Oktober 1517 het Martin Luther die ruilhandel van die godsbedryf van die Rooms Katolieke Kerk openlik begin teengestaan. Alles wat Martin Luther toe teengestaan het, is vandag nog deel van die kategese van die Rooms Katolieke Kerk.

Martin Luther het een van sy lidmate raakgeloop wat 'n aflaats vir sonde gekoop het wat deur Pous Leo die 10de uitgereik is. Aflate word in Engels "indulgences" genoem. (Kyk gerus op google onder hierdie woord) Dit is 'n kwytskelding van straf vir sonde wat deur die kerk uitgereik word en wat jy toe kon koop. Hulle bygeloof werk so! Jesus vergeef jou alle skuld vir jou sonde, maar nie alle straf vir jou sonde nie. Hy en die kerk kan jou nog straf vir die sondes wat jy gedoen het. Dit is tydelike strawwe van God soos om jou kind te laat dood gaan vir sonde, jou siek te maak, jou arm te maak en jou ongelukkig te maak. Hulle glo geestelikes het die mag om jou van hierdie strawwe van God vir jou sonde kwyt te skeld.

Dit is die hart van die ruilhandel van die godsbedryf vandag nog in die Rooms Katolieke Kerk. Dit word in hulle kategese nog amptelik vandag geleer as deel van hulle bygeloof: "An indulgence is a remission of sins before God of the temporal punishment due to sins whose guilt has already been forgiven ... indulgences may be applied to the living and the dead." (Catechism of the Catholic Church 1995)

In hierdie stellings het hy begin om die mag van die kerk om aflate te verkoop waarin sondestraf van God deur kerklike geestelikes kwytgeskeld word aan te val. Sy grootste deurbraak om God se handelsvrye vergifnis en liefde te ontdek het egter in 1518 gebeur toe Hy ontdek het dat genade alleen alle sonde en sondeskuld vir altyd wegneem en ons vir altyd deur Christus se verdienste reggemaak word vir God sonder enige goeie werk wat ons vir God doen.

Daarmee het Martin Luther die regte ruilhandel van die godsbedryf van die Rooms Katolieke Kerk blootgelê – dit is die biegestoel in die katedrale en die offerbedryf op die nagmaaltafel. Voor Martin Luther het baie mense die wanpraktyke en geldmaakbedrywe van die Rooms Katolieke Kerk aangeval en uitgewys. Hulle het almal probeer om die Rooms Katolieke Kerk te hervorm en al die korrupsie van die kerk te probeer regmaak.

Dit is soos Jesus wat sou probeer het om die offerdiens en priesters in die tempel van Jerusalem te hervorm om nie korrup te wees met hul offerbedryf nie. Dit is absurd. Die hele offerbedryf van geestelikes is die korrupsie van God se goedheid, genade liefde en barmhartigheid. Daarom het Christus se lyding en opstanding God se liefde as Vader 'n gawe gemaak sonder middelmannen en dit onmoontlik gemaak om van God se liefde 'n binnehandel te maak. God dryf nie self handel met sy liefde as God nie. Dit is die gawe van 'n liefdevolle Vader aan sy kinders – handelsvry.

Christus verlos ons uit die godsbedryf deur handelsvrye aanbidding te skep

Die offer- en versoeningsbedryf van geestelikes in 'n binnehandel en ruilhandel van iets wat nie verhandelbaar kan wees nie – God se liefde as Vader deur die offer van Jesus Christus. Die hele offer- en versoeningsbedryf van alle kerk en alle geestelikes is bedrog en diefstal van wie God vir sy kinder is en die gawes wat Hy vir sy kinders gee. Dit is die kerke se binnehandel en ruilhandel met God se vrye gawes aan sy kinders.

10. Het ons vandag Reformasie nodig?

Op die oog af kan ons maklik in die Afrikaanse gemeenskap sê dat dit nie nodig is nie omdat ons regtig nie deur die Rooms Katolieke bedryf werklik bedrieg word nie. Dit is egter 'n verkeerde benadering. Die regte vraag wat gevra moet word sukkel ons vandag in die kerk met die probleem dat godsdiens 'n geldmaakstorie geword het, dat godsdiens 'n besigheid van ruilhandel tussen wat God wil hê en wat mense wil hê geword het?

Het dit weer so geword in ons kerk dat die dominee die middelman geword het om wat God nodig het by jou te kry en vir God te gee en wat jy nodig het by god te kry en dit vir jou te gee?

Gebeur so iets in ons kerke?

Wat dink julle is besig is om te gebeur as 'n dominee op die kansel sê dat almal wat die liefde en genade en goedheid van die Here wil ontvang moet vanoggend na vore kom en hier voor die kansel kom staan en dan moet jy hier voor kom, hier waar ek as dominee met die Here en sy dinge besig is, en dan moet jy hier vir die Here jou hart en jou lewe en jou besigheid en jou kinders en jou land en jou toekoms aan die Here kom oorgee. Dan gaan ek vir jou bid en die seëninge van die Here oor jou uitspreek en as jy dan hierdie gebed wat ek as dominee vir jou bid agter my aanbid, en dan gaan jy al die goed van God kry.

Wat is dit? Besigheid!

Kom gee hier vanoggend of op hierdie kamp of op hierdie toer vir God alles wat God nodig het, en dan sal ek, die middelman tussen jou en God reël dat God se droom jou droom word, dat God se plan jou plan van jou lewe word, dat God se lewe jou lewe word, dat God se krag jou krag word en ...

Die Here Jesus het gekom om vir ons hierdie besigheid met God te stop. Christus vat al hierdie middelmannen tussen God die Vader en ons as sy kinders weg. Ons leef in die liefde van God ons Vader deur wat Jesus gedoen het, nie deur wat ons vir God doen nie. Die huis wat Christus vir ons bou is die Vader se huis, nie 'n besigheidsman se huis nie.

Ons het dit nodig!

Christus verlos ons uit die godsbedryf deur handelsvrye aanbidding te skep

Waar hoor ons vandag nog hierdie handelsvrye liefde van God ons Vader: in hierdie huis kry jy liefde vir niks, goedheid vir niks, barmhartigheid vir niks, beskerming vir niks, sorg vir niks! Hy is my Vader en sy Vaderskap en my kindskap is nie 'n besigheid nie.

Die kerke vandag het vir die meerderheid niks anders nie as die binnehandel van rowers en diewe geword met die vrye gawes van God aan sy kinders. Ook die NG Kerk! Predikante en pastore eis God se vrye liefde en goedheid op as die ruilmiddel waarmee hulle met God die Vader se kinders geestelike besigheid doen. Hulle stel God se kinders in die vreemdheid om sy liefde en goedheid vir hulle harte, lewens, eiendom en toekoms te moet verhandel by hierdie middelmannen.

Dit is soos arbeiders wat hulle werkgewer die boer se oeste steel en dan probeer om met hulle padstalletjies dit aan die boer se kinders te verkoop omdat hulle dit nie verniet kan gebruik en geniet op hul vader se plaas nie.

Geestelike bedrog met die liefde van God! Geestelike diefstal van God se persoon gawes! Geldmaakstories met dit wat as vrye gawes deur Christus verdien en gegee was. Ruilhandel met God en sy gawes in tempels wat mense bou om mense uit God se tempel uit te sluit.

Die meeste geestelike instellings, die NG Kerk ingesluit, het vandag niks anders nie as een groot bedrog en diefstalsindikaat geword.

11. Die kinders!

Dink julle ons is in hierdie erediens met 'n geldmaak storie besig? Maak ons van God en sy liefde 'n geldmaak storie?

Net voor julle te vinnig nee sê, moet julle weet dat hierdie 270 lidmate in hierdie gemeente op een of ander manier elkeen bydra dat ons een miljoen rand 'n jaar inkry. Is dit nie 'n geldmaak storie nie?

Om te weet of 'n kerk met 'n geldmaak storie besig is, moet jy nie kyk na hoeveel geld in die gemeente gegee en bestuur word nie. Jy moet na iets heeltemal anders kyk. Jy moet nie kyk na die geld wat gegee word en gebruik word wat mense se salarisse moet betaal en die kerkgebou moet reghou nie. Daarvoor het die kerkraad spesiale mense aangestel wat ons ouditeure noem. Hulle kyk dat geld reg gegee en uitgegee word. Jy moet na iets heeltemal anders kyk! Jy moet kyk of God en sy liefde nie verruil word vir goed wat jy vir God moet gee nie. Jy moet kyk na wat word oor God en sy liefde gesê.

Christus verlos ons uit die godsbedryf deur handelsvrye aanbidding te skep

Wanneer God en sy liefde iets word wat jy net kan kry wanneer jy vir God iets gee, dan het God en sy liefde 'n geldmaakstorie geword. Wanneer God en sy liefde in 'n gemeente gepreek word as die liefde van God die Vader wat Jesus vir ons verdien het en ons kry sonder dat ons daarvoor vra, bid of iets vir God daarvoor gee soos ons harte en lewens, dan kan God nooit 'n geldmaakstorie word nie.

Jesus het al hierdie geldmaakstories met God gestop toe Hy alles vir ons gedoen het sodat ons handelsvry deel van God se liefde kan wees en handelsvry God kan aanbid en liefhê.